

Sing vooraf staande: Psalm 4:3 (p. 15)

3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:7 (p. 587)

7 Help my, HEER, dat ek kan lewe; / dan wil ek u woord bewaar.
Laat my oog aanskou die wonders / wat u wet my openbaar.
Wat besit ek hier op aarde? / Niks is daar wat my behoort.
Maar één ding, daarna verlang ek – / dis die rykdom van u woord.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 84:6 (p. 425)

6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Skriflesing: 1 Timoteus

Teks: 1 Timoteus 6:6-9; Kategismus Sondag 42

... maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skandelijke begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang ... (1 Timoteus 6:6-9 AFR53)

Dit gaan oor oneerlike maniere om ryk te word. Daar is mense wat ontevrede is met dit wat hulle het, en dan probeer hulle op oneerlike wyse om in die besit te kom van geld of enige middel wat hulle meen vir hulle tot voordeel mag wees. Kortweg gaan dit dus oor diefstal.

Ons kyk in hierdie preek uit die volgende twee hoeke na diefstal:

1. Die gesindheid van iemand wat steel

2. Wat is die eis van die gebod dat ons nie mag steel nie?

1. Die gesindheid van iemand wat steel

Voordat enige mens enige sonde doen, moet daar eers in sy hart iets fout gaan.

- iets in sy gesindheid teenoor God en sy medemens moet padgee voordat hy verkeerde dinge gaan dink of doen.
- Daarby moet ons ook in gedagte hou dat dit uiters moeilik is om net een gebod op 'n keer te oortree, want al die geboeie skakel aan mekaar.
- Dis gewoonlik so dat as die een gebod oortree word, een of meer van die ander daarmee saam oortree word.

Met die steler is dit inderdaad die geval.

- Iemand sal net steel as daar by hom die begeerte ontstaan om iets te besit wat hom nie toekom nie.
- So 'n persoon oortree dus nie net die agste gebod alleen nie, want hy kom eers by die agste gebod uit nadat hy die tiende gebod oortree het, naamlik om dinge te begeer wat hy nie moes begeer het nie.

Voordat iemand tot diefstal oorgaan, is daar meer verkeerdhede wat by so 'n mens sal voorkom.

- Dink maar aan iets soos ontevredenheid met wat God oor hom beskik in die lewe;
- of iets soos ondankbaarheid oor die seën of besit wat die Here aan hom toeken.
- Dit is waarom die apostel Paulus spesifiek skryf dat ons vergenoegd moet wees met die kos en klere wat die Here vir ons gee (v. 8).

Dit maak dan dadelik die deure oop vir twee gevare in so 'n persoon se lewe.

- Die een is dat hy verborge sondes doen, en die ander een is dat hy in openbare growwe sondes verval.
 - Om die openbare deel daarvan te verstaan is maklik. Dis wanneer iemand gaan steel en die owerheid vang so 'n persoon en straf hom daarvoor.
- Maar daar is nog 'n kant. Dis wanneer iemand met lis en bedrog beplan om dinge in die hande te kry wat nie syne is nie.
 - Ons moet onthou dat die Here ons gedagtes ook lees, en dat Hy presies weet wat in ons harte aangaan. Dit kan so wees dat ons deur middel van bedrog, of dalk selfs in die geheim, dinge in die hande kan kry wat ons wil hê.
 - En dit mag wees dat ons in hierdie lewe nie daarmee uitgevang word nie, maar daar kom 'n dag wanneer ons voor die Hoogste Regter staan, en dan sal Hy rekenskap vra daarvoor.
 - U moet weet dat mens nie vir ewig met gedagtesondes wegkom nie.

Steel kan baie keer weggesteek wees agter ander dinge.

- Mens kan byvoorbeeld steel deur nie jou regmatige dankoffer vir die Here te gee nie.
- Die kerk bepaal nie jou kerklike bydrae nie; die Here bepaal dit in sy Woord, en as jy daaraan nie laat reg geskied nie, hou jy van die Here terug wat Hy as syne beskou.

As mens oor diefstal praat, is daar ander dinge ook wat in die gesigsveld kom, byvoorbeeld iets soos gierigheid.

- Gierigheid is nie diefstal nie, maar dit skakel tog met diefstal in die sin dat dit 'n verkeerde manier is om met besittings te werk.
- Verder is dit ook so dat die gierigaard en die dief se waardering van besittings ongesond is – albei heg 'n hoër waarde daaraan as wat dit behoort te hê.
- In baie kras gevalle kan dit by sommige mense grens aan afgodediens.

Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar:

- As mens nie mag gierig wees nie, mag jy ook nie verkwis nie.
- Die Here se verbod op diefstal eis van jou verantwoordelikheid in die wyse waarop jy met besittings omgaan.
- Verkwisting is 'n onverantwoordelike manier van hantering van geld, en dit is dus ook sonde.

2. Wat is die eis van die gebod dat ons nie mag steel nie?

Hierdie gebod is bedoel om die verhouding tussen ons en die Here reg te hou.

- Die Here wil hê dat elke mens tevrede moet wees met die wyse waarop God sy lewe bestuur, met ander woorde met dankbaarheid alles wat die Here ons laat kry, uit sy hand ontvang.
- Verder is die doel van hierdie gebod ook om tussenmenslike verhoudinge goed te hou.
 - As elkeen enigiets van iemand anders mag afneem soos hy lus het, sal daar chaos en doodslag ontstaan onder die mense.
 - Waarskynlik sal hulle mekaar uitwis.
- Die mikpunt van die gebod is dus dat elke mens **ootmoedig moet lewe**, in totale afhanklikheid aan wat God beskik. Dit is waarvan Paulus praat in 1 Timoteus 6:7:
... want ons het niks in die wêreld ingebring nie; en dis duidelik dat ons ook niks daaruit sal wegdra nie. (1 Timoteus 6:7 AFR53)
- Verder eis die gebod **tevredenheid by elke mens** ten opsigte van al die gawes wat God hom skenk. Dit staan in vers 8:
... Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. (1 Timoteus 6:9 AFR53)
- Dan vereis hierdie gebod ook **versigtigheid – geloofsversigtigheid**. Luister weer na wat daar in vers 9 geskryf staan:
Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. (1 Timoteus 6:9 AFR53)

Die Bybel het by hierdie gedeelte 'n regstelling omdat die Here weet dat ons waarde-bepaling dikwels te vas is aan ons aardse bestaan.

- Daarom sê die Here hier dat aardse besittings tog nie 'n mens se grootste wins kan wees nie.
- Daar is 'n ander rykdom wat die heel meeste waarde het – godsaligheid.
 - Dis 'n skat in die hemel, want dit hou jou siel skoon, en dit hou jou verhouding met die Here reg.
 - Dit beskerm jou teen hoogmoedigheid, en om jou naaste te beroof van tydelike dinge.

Ons kan die verbod op diefstal anders stel deur te sê dat die Here vra dat ons met besinning sal lewe sodat ons ware vreugde put uit wat ons het (min of baie), en dat ons in druk of armoede vrede sal hê met wat God ons gee.

Die dood van Jesus Christus was nie sodat ons in die eerste plek aardse rykdom sou besit nie.

- Sy oorwinning oor die dood was dat ons die rykdom van 'n ewige lewe sal ontvang, waarin ons elke oomblik in die volmaakte rykdom van God se alomteenwoordigheid sal lewe.
- Dis ook waarom die Heilige Gees aan ons geskenk is – sodat Hy ons van hierdie rykdom sal leer sodat ons nie ons oë en ons hande sal vasslaan op tydelike dinge waarvan ander mense meer mag hê as ons nie.

Kom ons lees Kategismus Sondag 42 saam.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).

(a) Matt 7:12. (b) Ef 4:28.

Amen.

Slotgebed

Psalm 146:6 (p. 701)

6 Dis die HEER se mededoë / wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë, / word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin die wat opreg / wandel in sy woord en weg.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 6 Januarie 2013